

Geweld en armoede – ’n omvattende uitdaging



Ben du Toit is Direkteur van Kommunikasie van die NG Kerk, Sinode van Wes-en-Suid-Kaap en Redakteur: Elektroniese Kommunikasie van die Algemene Sinode van die NG Kerk. Hy dien ook as Parlementêre Lessenaar van die kerk in die wetskrywende proses van die Nasionale Parlement in Kaapstad.

’N Baie groot deel van ons bevolking het om ’n verskeidenheid redes die afgelope 15 jaar verarm.

Die armes waarna in hierdie artikel verwys word, is die ongeveer 50 persent van die bevolking wat met ’n inkomste van minder as R700 per maand moet oorleef. Nagenoeg die helfte van dié groep leef ’n eiesoortige eerbare lewe waarin hulle die min wat hulle het, op ’n bewonderenswaardige wyse met mekaar deel.

Die ander deel van die 50 persent oorleef deur misdaad – deur te steel en te herverdeel.

Natuurlik is hierdie twee dele van die 50 persent armes nie van mekaar te skei nie. Hulle kom dikwels in ’n komplekse verweefdheid met mekaar voor.

Gevolge van armoede

Die gevolge van armoede manifesteer op allerlei maniere:

- **Die verlies aan selfwaarde**

Hierdie is waarskynlik een van die mees onderskatte gevolge van ’n armoedekultuur. Erger as die sigbare afwesigheid van basiese lewensmiddels, is waarskynlik die skade wat aan die psige van armes aangerig word en hulle van hulle menswaardigheid beroof.

- **Gebrek aan selfwaarde voed verskeie misbruike**

Ontvlugting in die misbruik van drank en ander chemiese afhanklikheidsmiddels is ’n algemene kenmerk van ’n armoedekultuur. Verslawing kos geld. Binne ’n konteks van die afwesigheid van geld, en verder gekompliseer deur werkloosheid en werkskuheid, lei dit tot ’n kultuur van bedel en misdaad.

- **Misbruike lei tot geweld en misbruik van mag**

Entrepreneurs van onwettige bedrywe soos drank- en dwelmhandel, buit hierdie situasie uit. Die magsgreep van smokkelbase op die lewe van armes lei tot die ontstaan van magstrukture en bendevoorming. Dit gaan gepaard met geweld, wat oral in hierdie samelewings aanwesig is. Wanneer mense alle hoop verloor om van hierdie omvattende, vernietigende uitwerking van ’n armoedekultuur te ontsnap, skep dit ’n teelaarde vir fisiese sowel as psigiese geweld.

- **Geweld en mag lei tot vrees en psigopatologie**

In ’n onlangse gesprek met ’n fokusgroep vanuit armoedegemeenskappe, het hulle self hulle emosies en gevoelens met

woorde soos lyding, hartseer, swaar, seer, pyn, woede (teenoor owerheid, *maar óók teenoor God*), moedeloosheid en wanhoop beskryf. Dit moet duidelik en vanselfsprekend wees dat armoede en geweld (fisies en psigies) hand-aan-hand gaan. Só ’n gemeenskap is ’n siek gemeenskap.

- **Armoede lei tot verdere armoede**

Ons vind hier ’n bouse kringloop wat af-spiraal na groter dieptes van menslike verval. Die volgende scenario waarmee ’n fokusgroep onder armes hulleself beskryf, kan puntsgewys hierdie afwaartse spiraal aantoon.

* **Swak behuising:** Beperkte leefruimte, die groot aantal mense in een huisie (dikwels een of hoogstens twee vertrekke) waarin alle gesinsaktiwiteit (van eet tot seks) moet plaasvind, geen privaatheid nie.

* **Drankmisbruik en**

kinderverwaarlosing: Kinders in opstand teen ouers (geen respek nie), kinders wat in die tronk beland, werksku is, seuns wat deel van bendes word, prostitusie en tienerswangerskappe – dikwels met die doel om staatstoelaes te bekom.

* **Siektes soos TB, MIV en vigs en asma** wat dikwels die gevolg is van blootstelling en wanvoeding weens ongesonde eetgewoontes en gebrek aan voedsame kos – of selfs geen kos nie! Daar is ’n gebrek aan enige waardesisteem as dit by seksuele gedrag kom. Die groot hoeveelheid sterftes onder ouers as gevolg van vigsverwante siektes lei tot die voorkoms van huishoudings onder die beheer van kinders, met gepaardgaande gedragsprobleme en die afwesigheid van gesins- en familiewaardes.

* **Geweld teen kinders:** Dit bly een van die ontstellendste feite dat die

grootste maatskaplike behoefte in ons armoedegemeenskappe vandag plekke van veilige bewaring en beskerming vir kinders is. In die meeste gevalle moet hulle teen hulle ouers beskerm word.

Holistiese benadering absolute vereiste

Armoede is egter nie net die probleem van arm mense nie, maar juis ook van diegene wat nie tot die 50 persent van die bevolking behoort wat in hierdie ekonomiese, sosiale en kulturele sektor val nie.

Hieruit spreek dit vanself dat 'n omvattende strategie nodig is om iets aan die verskynsel van armoede te doen. Hierby sal al die sektore van 'n gemeenskap betrokke moet wees.

- **Maatskaplike sorg:**

Allesomvattende maatskaplike sorg is 'n noodsaaklike onderbou van enige konstruktiewe proses om mense in hulle haggelike lewensomstandighede hoop te gee.

Op die korttermyn moet voortgegaan word om hoop aan die huidige geslag armes te gee, selfs al is dit net 'n professionele oor wat vir hulle ondersteuning met hulle regte kan gee.

Hierdie allesomvattende professionele terapeutiese diens moet egter altyd met die langtermynvisie werk dat maatskaplike omstandighede waarskynlik eers in die volgende geslag vir die inwoners van armoedegemeenskappe sal verbeter.

- **Staatsondersteuning:** Die groot klem wat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling op die oomblik op die gee van verskillende staatstoelae lê, moet allerweë met groot dank begroet word. Indien dit egter ten koste van konstruktiewe maatskaplike sorg gebeur, skep dit rede tot groot kommer.

Na my wete is daar nog tot dusver geen behoorlike onafhanklike navorsing gedoen oor hoe begunstigdes die toelae aanwend nie. Nie alleen blyk dit uit die praktyk dat baie van die geld uitermate wanbestuur word nie, maar die afskaling van staatsubsidies vir professionele maatskaplike dienste wat NGO's (nie-regeringsorganisasies) lewer, is 'n akute bron van kommer.

- **Plaaslike owerheid:** Die plaaslike owerheid speel 'n bepalende rol in hierdie uitdaging. Dit moet konstruktief en ondersteunend

hierdie rol vir die gemeenskappe vir wie se welstand hulle verantwoordelik is, vervul. Behuising, beskikbaarheid van basiese lewensmiddels en werkskepping is prioriteite.

- **Polisie- en beskermingsdienste:** Die polisie moet help om iets omtrent die hoë misdadervlakke te doen.

Polisieforums speel hierin 'n uiters noodsaaklike rol. Hierdie dienste sal egter 'n bodemlose put bly indien plaaslike owerhede, skoolhoofde, NGO's en geloofsgemeenskappe dit nie komplementeer nie.

Die oorsaak van armoede is nie geweld en misdaad *per se* nie, maar het ten diepste met die morele wese en konstruksie ("moral fibre") van die totale Suid-Afrikaanse gemeenskap te doen. Hierin behoort geloofsgemeenskappe (behoorlik ingelig) 'n toonaangewende rol te speel.

- **Opvoeding van gemeenskap:** In 'n sekere sin is armoede 'n houding – 'n "state of mind".

Die opvoeding van armoedegemeenskappe is 'n oorweldigende taak wat nie anders as holisties en interaktief aangepak moet word nie. Die opvoeding van meer bevoorregte gemeenskappe lê daarin dat hulle bewus gemaak word ook van hulle onvervreembare verantwoordelikheid as Suid-Afrikaanse gemeenskap teenoor die voorheen-benadeelde gemeenskappe.

- **Mediese sorg, dwelm- en drankmisbruik:** Basiese mediese sorg en psigiatrisie terapie is onverhandelbaar deel van die ondersteuningsnetwerk om siektes en chemiese afhanklikheid holisties te behandel.

Die effek van verslawing en die destruktiewe gevolge daarvan op die gesondheid van verslaafdes en hulle gesinsgenote, naamlik wanvoeding en die gebrek aan kos en die bedelkultuur wat hierdeur geskep word, moet professioneel aangepak word. Dit kan gedoen word deur basiese mediese dienste en die behandeling van verslawing uit te brei.

- **Bemagtiging deur basiese opleiding – ook die rol van die sakesektor:** Ongeletterdheid en gebrek aan basiese vaar-

dighede om die arbeidsmag te betree, is 'n groot behoefte by armoedegemeenskappe.

Weer eens is die bou van netwerke en vennootskappe tussen staat, plaaslike owerheid, NGO's en die sakesektor hier van deurslaggewende belang. Die groot rol wat plaaslike ondernemings kan speel in die verskaffing van borgskappe vir die uitvoering van maatskaplike projekte, is verreweg nog nie behoorlik ontgin nie.

- **Die rol van die godsdienstige gemeenskap:** Die regering maak deesdae baie van die belangrike rol wat godsdienstige instansies kan (behoort te)

speel in die heropbouing van 'n gemeenskaplike waardesisteem in die Suid-Afrikaanse gemeenskap ("moral regeneration").

In 'n groot mate is dit die roeping van die kerk om dit in elk geval te doen. Maar godsdienstige instansies kan nog véél meer doen. Die staat sou byvoorbeeld gebruik kon maak van die unieke infrastruktuur van godsdienstige instansies om sekere dienste ter wille van armoedeverligting te lewer.

In 'n onlangse studie het Van der Berg en Burger (*Social delivery in South Africa, 2003*) tot die slotsom gekom dat die staat eerder op die verbetering van bestaande dienste moet fokus, sowel as op die uitvoering van goedgekeurde programme, as net op die vermeerdering van beskikbare bronne.

Daar is hoop

Die vanselfsprekendheid van netwerke en vennootskappe blyk duidelik uit hierdie situasie-analise van armoede. Dit is nie 'n keuse nie, maar *noodsaaklik*. 'n Mens sou dit bloot vanuit 'n logiese, humanitiese oorlewingsperspektief kon motiveer.

Uiteindelik bly dit tog vir godsdienstige mense 'n saak wat vanuit ons verhouding met God gemotiveer word. Ons moet dit doen *omdat dit reg is dat ons dit doen*. Dit behoort tot die wese van ons geloofsoortuigings dat ons verantwoordelik is vir God se skepping en ons naaste. Liefde teenoor ons naaste behels ook liefde vir die toekomstige geslagte aan wie ons behoort te doen soos wat ons verwag dat aan ons gedoen sal word.

Daar is hoop. Maar net as ons sáám prakties daaraan uitdrukking gee.